**Jesus word gekruisig**
Matteus 27:1-56

Hierdie Sondag gaan dit oor die belangrike geskiedenis van Jesus se dood aan die kruis. Dit is dalk 'n moeilike tema om met klein kindertjies oor te gesels, a.g.v. die grusame detail daarvan. Maar dit is so belangrik dat hulle van kleins af al leer dat die Here Jesus sy lewe vir hulle gegee het. Daarom kan ons gesels oor wat dit vir ons beteken.

Jy kan eintlik enige een van die vier evangelies se weergawe daarvan lees, maar die meeste van die vrae kom maar uit Matteus 27:1-56 so dit sal dalk die maklikste en vinnigste wees om dit te lees. Afhangende van jou kind se ouderdom, kan jy kies om die hooftrekke van die storie eerder vir jouself uit die teks neer te skryf en die storie self vir hulle te vertel, of natuurlik die teks uit 'n kindervriendelike vertaling vir hulle lees.

Belangrik is om vir die kinders te verduidelik waarom die kruisiging nodig was. Die wêreld is vol sonde. Almal het sonde. Die straf vir sonde is die dood. Maar Jesus was sonder sonde en Hy kom betaal die prys vir ons sonde aan die kruis. Deur sy bloed word ons sondes weggewas en kry ons die ewige lewe. Jesus doen dit omdat Hy vir ons oneindig lief is!

Die meeste van die vragies op die vraeblad vir die groter kinders word redelik duidelik beantwoord in die teksverwysings. By vraag twee gaan dit maar daaroor dat die Joodse kerk absolute mag in die gemeenskap gehad het en die mense daarom maklik kon manipuleer om hulle wil te doen. Dit is ook waarom hulle vir Jesus gekruisig het, omdat Hy hulle magsposisie bedreig het.

By vraag 4 kan jy ook Markus 15:33-41 lees. Die Romeinse offissier is 'n getuie in die verhaal wat al die gebeure voor hom sien afspeel – die verhoor, die lyding en bespotting van Jesus, die kruisiging, Jesus se liefdevolle woorde en reaksie aan die kruis, die duisternis en die voorhangsel wat skeur en Jesus wat sy lewe aflê.

By vraag 5 glo ons Jesus het nie hel toe gegaan nie - Hy was in die paradys en het sy lewe in die Vader se hande oorgegee - die helse smart het Hy aan die kruis verduur tot so 'n mate dat Hy dit nodig gevind het om te sê "Eloi Eloi, Lema sabagtani".